

20 Oktober

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-26 (OAV)

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:6, 13, 16 (OAV)

Geloof is nie net praatjies nie, maar ook liefdesdade!

Oktober is kerkhervormingsmaand en ook die afronding van katkisasiekinders om belydenis van die geloof af te lê. Ons dink aan wat *geloof* is, en wat ons *geloofslewe* eintlik is. In Romeine 1:17 lees ons: “Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.”

Deur die geloof word ek van die ewige verderf gered en verkry ek die ewige lewe. Geloof is 'n *verstands*-iets, 'n *hart*-iets én 'n *doen*-iets. Galasiërs 5:6 (NAV) sê: “In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, *is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan*.” Dus, geloof is: glo met die *hart*, *verstand* en met die *hand*!

Paulus spreek die Galasiërs aan dat hulle van geloof net 'n verstands-iets maak. Hulle redeneer agter dwaalleraars aan dat 'n mens net 'n ware Christen kan wees as jy Christus bely én besny is (m.a.w. die wette van Moses onderhou). Dit wil sê: Christus plus wetsonderhouding. Hierdie dwaling bring spanning in die gemeente mee. In hulle redenasies byt en verskeur hulle mekaar! Paulus sê verder: “Pasop dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie” (Gal. 5:15).

'n Katkisasiekind sê op 'n keer: “My pa en ma sê dat hulle gelowiges is; dat hulle in die Here glo. Maar, dominee, hulle baklei so baie. Geloof is dan vir hulle net praatjies – bla-bla-bla! Dan wil ek liever nie 'n gelowige wees nie!” Is dit dalk jóú kind wat só praat?

My broer, my suster – maak seker jóú geloof is nie praatjies nie! “Al wat van belang is, *is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan*” (Gal. 5:6). “Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word” (Gal. 5:16). “Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid, en selfbeheersing” (Gal. 5:22). “Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal” (Gal. 5:25). Oefen julle daarin dat julle hele lewe liever liefdesdade is wat die mense rondom jou in die geloof bou!

Sing: Psalm 86:6 (1936)

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)